JASPER RAATS jasper.raats@landbou.com

Tabakoes lyk goed, maar sluikhandel bly lastig

Mnr. Francois van der Merwe

Vat die toenemende sigaretsluikhandel vas. Dit bedreig tot 10 000 werkgeleenthede en belemmer boonop pogings om opkomende boere te vestig.

Die totale verwagte tabakoes vir die 2016-'17-oesjaar is 14 670 ton, sê mnr. Francois van der Merwe, voorsitter van die Tabakinstituut van Suid-Afrika. Daarvan is 10 620 ton oonddroogtabak en 4 050 ton donker lugdroogtabak. Die skatting van die tabakoes vir 2017-'18 is aansienlik hoër en staan tans op 15 292 ton.

Francois sê daar is tans voldoende water in alle gebiede, maar goeie reën sal binnekort moet val om waterbronne aan te vul. Alle tabak in Suid-Afrika word onder besproeiing verbou.

Hy wys daarop dat alle tabakboere in Suid-Afrika gekontrakteer word en dat oesgroottes bestuur word sodat die aanbod nie die vraag oorskry nie. Die lewering van tabak met goeie rookgehalte en die regte chemiese samestelling is noodsaaklik om Suid-Afrikaanse boere mededingend te hou. Daarmee saam streef boere die optimum opbrengs per hektaar na wat tot hoë produksiekoste per hektaar lei. Spesialislandboukundiges staan boere by met alle inligting oor verantwoordelike tabakverbouing.

KOMMER OOR WETGEWING

Francois sê Suid-Afrika se tabakboere is onder die land se beste boere, maar hy is bekommerd oor ekstreme tabakbeheerwetgewing wat in die vooruitsig vir Suid-Afrika is.

Die Minister van Gesondheid het in die media gesê hy wil rook in alle openbare plekke, die vertoning van tabakprodukte in winkels en sigaretmuntoutomaat-masjiene verbied.

"Verder wil hy die verkoop en gebruik van elektroniese sigarette en soortgelyke produkte streng beheer en die verpakking van tabakprodukte standaardiseer sodat alle verpakking dieselfde kleur gebruik met groot, grafiese gesondheidswaarskuwings daarop gedruk. Geen handelsmerke sal op die verpakking toegelaat word nie."

Die onwettige handel in tabakprodukte ondermyn die Regering se gesondheidsagenda, sê Francois, deurdat goedkoop, onwettige sigarette vrylik beskikbaar is. "Die Tabakinstituut van Suider-Afrika (TISA) meen dat die Regering eers die onwettige handel moet aanpak voordat nuwe wette gemaak word.

"Onwettige sigarette beloop sowat 25% van die mark, en sigarette kan vanaf net R7 per pakkie verkry word, wat toeganklikheid vergemaklik.

"Die minimum belasting ter sprake is R16,30 per pakkie. Die staat het van 2010 tot 2016 meer as R27 miljard verloor weens onwettige sigarethandel. Wettige vervaardigers verloor volumes op groot skaal, wat werksgeleenthede en investering bedreig, die belastingbasis verklein en die land armer maak."

SLUIKHANDEL POOTJIE BEMAGTIGING

Francois sê dat die sluikhandel boere regstreeks benadeel deurdat onwettige handel die wettige mark wegkalwe. "Die bestelling aan oonddroogboere is reeds met sowat 10% verminder vir volgende jaar, terwyl die lugdroogmark onder groot druk verkeer as gevolg van onwettige sigarette.

"Indien die onwettige handel nie hokgeslaan word nie, kan dit die primêre tabakbedryf in Suid-Afrika ernstig benadeel en daarmee saam 8 000 tot 10 000 werksgeleenthede in landelike gebiede bedreig," waarsku hy.

Hy sê die groei in onwettige handel kan die bedryf se pogings om opkomende boere te vestig, ernstig kniehalter. Tans is daar verskeie projekte waar tabak as die primêre gewas verbou word tesame met voedselgewasse om voedselsekerheid te verseker. Projekte is in Mpumalanga, Limpopo, Noordwes, die Oos- en die Wes-Kaap gevestig.

In onlangse navorsing deur die Noordwes-Universiteit is gevind dat die opkomende tabakboerprojekte 'n gunstige impak het op die boere self en ook die gemeenskappe waarin hulle woon. Die boere kan met die winste hul kinders skool toe of vir tersiêre opleiding stuur.

Hulle stel ook arbeiders aan vanuit die plaaslike gemeenskappe waar hulle boer. Van die boere het verder genoem dat hulle onder meer hul behuising kon opknap, beter gesondheidsorg vir hul gesinne kan beding en voertuie aanskaf.

"Gegewe die talle voordele wat die tabakbedryf vir Suid-Afrika inhou, is dit noodsaaklik dat die Regering en die bedryf saamwerk om die probleme aan te pak. Hierdie samewerking sal verseker dat daar 'n blink toekoms is vir tabak in Suid-Afrika, terwyl die doelwitte van die nasionale ontwikkelingsplan ook bereik kan word. Die tabakbedryf lewer 'n groot bydrae tot Suid-Afrika en verdien om die Regering se samewerking en beskerming te geniet." **LBW**